


SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES



4 DIE BRIEF VAN DIE APOSTEL PAULUS AAN DIE ROMEINE



Inhoud

1	Die Apostel Paulus in Rome (30 September–6 Oktober)	126
2	Die groot stryd (7-13 Oktober)	134
3	Die toestand van die mens (14-20 Oktober)	142
4	Regverdiging deur geloof (21-27 Oktober)	150
5	Abraham se geloof (28 Oktober-3 November)	158
6	Adam en Jesus (4-10 November)	166
7	Om sonde te oorkom (11-17 November)	176
8	Wie is die man van Romeine 7? (18-24 November)	184
9	Geen veroordeling (25 November – 1 Desember)	192
10	Kinders van die belofte (2-8 Desember)	200
11	Die uitverkorenes (9-15 Desember)	208
12	Oorwin die kwaad deur die goeie (16-22 Desember)	216
13	Die Christelike leefwyse (23-29 Desember)	224

Besoek ons webblad:

<http://www.absg.adventist.org>

Redakteurskantoor:

12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904

Hoofbydraers:

ABSG Wêreldkonferensie-Personeel

Redakteur:

Clifford R. Goldstein

Mede-Redakteur:

Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder:

Lea Alexander Greve

Publikasie-Assistent:

Sharon Thomas-Crews

Pacific Press Koördineerder:

Wendy Marcum

Kuns en Ontwerp:

Lars Justinen

©Alle kopieregte 2017

Wêreldkonferensie van die
Sewenedag-Adventiste Kerk® word
voorbereid. Geen gedeelte van
die *Sabbatskool Bybelstudiegids*

vir Volwassenes (Vierde Kwartaal),
mag gereedgemaak, verander, gewysig,
aangepas, vertaal, gereproduseer of
gepubliseer word deur enige persoon
of entiteit, sonder die geskrewe
magtiging van die Wêreldkonferensie
van Sewenedag-Adventiste®
nie. Die Sabbatskool Departement
van die Wêreldkonferensie van die
Sewenedag-Adventiste Kerk®
het toestemming om te reël vir
die vertaling van die *Sabbatskool-
Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is
onderhewig aan sekere riglyne. Die
kopiereg van sulke vertalings en die
publisering daarvan word voorbehou
deur die Wêreldkonferensie.
"Sewenedag-Adventiste",
"Adventiste" en die vlam-logo is
geregistreerde handelsmerke van die
Wêreldkonferensie van Sewenedag-
Adventiste®, en mag nie sonder
ampelike toestemming gebruik word
nie. Die *Sabbatskool Bybelstudiegids
vir Volwassenes* (standaarduitgawe)
word voorbereid deur die
Sabbatskooldepartement van die
Wêreldkonferensie van Sewenedag-
Adventiste®. Hierdie studiegids
staan onder die algemene leiding van
die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n
subkomitee van die Wêreldkonferensie
se Administratiewe Komitee

(ADCOM), en die uitgewer van die
bybelstudiegids. Die bybelstudiegids
weerspreek dus die algemene bydraes
van 'n wêreldwye evalueringskomitee
en die goedkeuring van die
Sabbatskool Uitgewersraad; en
verteenwoordig dus nie uitsluitlik
of noodwendig die sienings en
standpunte van die hoofbydraer en/
of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe
word gedruk en versprei in Kaapstad,
Suid-Afrika.

Bybelaanhalinge

Tensy anders vermeld, word alle
skriftuurlike verwysings in hierdie
studiegids vir die Vierde Kwartaal
2017 uit die volgende Bybelvertaling
aangehaal: *Die Bybel*© 1933, 1953,
Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en
word gebruik met toestemming en
voorbereid van alle regte.



Hier staan ons: Luther oor Romeine

Hierdie maand, 500 jaar gelede, het 'n 33-jarige professor in teologie sy 95 stellings aan 'n kerkdeur vasgespyker. En alhoewel hy oorspronklik net 'n pouslike afgesant wou teenstaan wat met bedrog aflaatsbriewe aan sy gemeentelede probeer afsmeer het, het Luther se uitdagende optrede die vonk geword wat die Protestantse Hervorming aan die brand gesteeke het – en die wêreld was daarna nooit weer dieselfde nie.

Natuurlik het baie veranderinge sedert daardie dag in 1517 plaasgevind. Wat egter nie verander het nie, is die Woord van God, en die waarhede in die Woord wat aan Luther die teologiese grondslag gebied het om Rome aan te vat, en om aan miljoene mense die belangrike boodskap van verlossing deur geloof alleen, te bring.

Ons lesse fokus hierdie kwartaal op dieselfde grondslag: die Boek Romeine. In sy Kommentaar oor Romeine het Luther die volgende geskryf: “Dié Brief is eintlik die belangrikste gedeelte van die Nuwe Testament, ook die suiwerste Evangelie, en is nie net werd om deur elke Christen woord vir woord geken te word nie, maar dat elke Christen homself elke dag daarmee, die daaglikse brood vir die siel, besig sal hou.” — Martin Luther, *Commentary on Publications*, 1976), bl. 8, (vry vertaal na Afrikaans).

Ja, dit was in Romeine waar Luther die groot waarheid van “regverdiging deur geloof alleen”, gevind het. Dit was in hierdie boek dat hierdie man, terwyl hy geworstel het met sy eie heils-sekerheid, die groot waarheid ontdek het - nie net in Romeine nie, nie net in die Nuwe Testament nie, maar in die hele Bybel: die waarheid van die plan van verlossing, “... wat ons van die ewigheid af in Christus Jesus geskenk is” (II Tim. 1:9). En dit is die

waarheid, dat redding net in die geregtigheid van Christus gevind kan word. Dit is 'n geregtigheid wat deur geloof aan ons gegee word, 'n geregtigheid wat, afsonderlik van wetsonderhouding, aan ons geskenk is. Of, soos Paulus dit duidelik gestel het in Romeine: "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet" (Rom. 3:28).

Dit was ook met betrekking tot hierdie waarheid dat Luther, toe hy in 1521 die owerhede, die vorstedom van die wêreld en die Romeinse kerkregering trotseer het voor die Ryksdag van Worms, verklaar het: "Ek kan nie en sal nie herroep nie, want dit is nie veilig vir 'n Christen om teen sy eie gewete te spreek nie. . . . Hier staan ek, ek kan nie anders nie." — vJ. H. Mede D'Aubigné D.D., *History of the Reformation*, vertaal deur H. White (*New York: American Tract Society*, 1848), bl. 249, (vry vertaal na Afrikaans).

En vandag kan getroue Protestante ook niks anders doen as om die Woord van God bo alle onbybelse tradisies en leerstellings te kies nie. Daar is geen twyfel dat die Christendom geweldig gegroei het nadat Luther homself bevry het van die bygelowe en valse leerstellings van die voorafgaande eeue nie. Dit het nie alleen die evangelieboodskap verdraai nie, maar eintlik dit onregmatig in besit geneem.

Tog het die Hervorming oor die jare wat gevolg het, gaan stilstaan. Op party plekke het groei in koue vormdiens ontaard, op ander plekke het mense teruggekeer na Rome. En nou, gedurende die tyd van 'n eenheidsbeweging (die Ekumeniese beweging), en Pluralisme (baie denkrigtings), het baie van die belangrike waarhede wat die Reformasie (Hervorming) aangewakker het, begin verdof, en word dit nou met 'n rits semantiese (die studie van woorde) haarklowery bedek wat daarop uit is om fundamentele verskille te verberg wat nou, net so min soos in Luther se tyd die geval was, opgelos kan word. Die profesieë van Daniël 7:23-25, 8:9-12, en Openbaring 13, 14, sowel as die wonderlike nuus van verlossing deur geloof soos verduidelik word in die brief aan die Romeine, dui aan hoekom die wat getrou wil bly aan die Bybel, vasberade gehoorsaam moet wees aan die waarhede wat deur ons Protestantse voorvaders verdedig was, selfs tot die dood toe.

Ons is Sewendedag-Adventiste en ons staan vas op die beginsel van die Bybel alleen; daarom verwerp ons onwrikbaar alle pogings om Christene na Rome terug te lok om die voor-Reformasie se geloofsbydenis aan te hang. Inteendeel, die Skrif leer die teenoorgestelde (Op. 18:4), en ons beweeg in dieselfde rigting om "die ewige evangelie" (Op. 14:6) aan die wêreld te verkondig, dieselfde ewige evangelie wat Luther 500 jaar gelede geïnspireer het.